Wynkennis

"Die grootste bewys dat God ons liefhet, is dat Hy wyn gemaak het wat ons kan geniet"
-" Benjamin Franklin

Doelwit: *Om die Verkenner aan die wonder van die vrug van die wingerdstok bekend te stel. Ook om die Verkenner bewus te maak dat wyn en verwante produkte met groot verantwoordelikheid gebruik behoort te word, omdat daar groot gevare verbonde kan wees aan die misbruik daarvan.*

Weergawe: *2007.0*

Datum: *Augustus 2007*

Begronding:

Voortrekkerkode: Al 10 onderafdelings van die Voortrekkers se kode is van toepassing.

ABC: Hierdie spesialisasie spreek al drie onderafdelings van die ABC aan. Genoegsame kennis van wyn en die verantwoordelike gebruik daarvan sal die Verkenner lei om onder alle omstandighede, waar die gebruik van alkohol ter sprake is, as konsekwente Christen op te tree. Op die manier dien ons God deur die voorbeeld wat ons aan ander stel. Ons Afrikanervoorouers het 'n beduidende rol gespeel in die vestiging van die wynbedryf in Suid-Afrika en die Verkenner sal dus die geleentheid kry om sy kennis oor Afrikanergeskiedenis te verbreed. Die kursus maak die Verkenner ook bewus van die gevare wat die oormatige gebruik van alkohol inhou. Op dié manier sal die Verkenner ook sy kennis in die verband kan gebruik om hulp aan sy maats te verleen indien tekens van bogenoemde teenwoordig is. Deur meer kennis van wyn te besit, leef die Verkenner al drie belangrike aspekte van die Voortrekkers se ABC uit.

Aanbiedingsvereistes:

Tydsduur:	1 dag	**Graadgroep:**	11 - 12
Voorvereistes:	Hierdie spesialisasie kan slegs in graad 11 of 12 verwerf word deur Verkenners wat hulle ouers se skriftelike toestemming het.		
Aanbieding:			
Toekennings instansie:	Kommando, GGA-aanbieder.		

Uitkomste:

Om die kenteken te verwerf moet die Verkenner:

1. *Wyn in verband kan bring met die Voortrekkers se ABC.*
2. *Moontlike voordele en nadele van die gebruik van wyn kan noem.*
3. *Wyn kan definieer en die belangrikheid daarvan aantoon.*
4. *Elke aspek van die Voortrekkerkode in verband kan bring met kennis van wyn.*
5. *Weet wat oor wyn in die Bybel vertel word, beide in die Ou Testament en die Nuwe Testament.*
6. *Die rol van wyn in die Christelike godsdiens kan aandui.*
7. *Weet waar wynbou ontstaan het.*
8. *Hoogtepunte van die geskiedenis van wyn in Suid-Afrika kan aandui.*
9. *Weet dat Suid- Afrikaanse wyne wêreldwyd hoog aangeskryf word.*
10. *Die rol van wyn in die Afrikaanse kultuur kan aandui.*
11. *Produkte wat aan wyn verwant is, kan beskryf.*
12. *'n Paar grappies kan vertel wat met wyn verband hou.*
13. *Kennis dra van 'n paar wynstreke van Suid-Afrika.*
14. *'n Wynlandgoed besoek en/of 'n aanbieding bywoon oor die proses waarop wyn kommersieel vervaardig word.*
15. *Die gevare van alkoholisme ken.*
16. *Verskeie Afrikaanse terme en idiome ken wat met wyn verband hou.*
17. *Die etiket van wynbediening ken.*
18. *Self 'n paar liter wyn maak deur middel van die gistingsproses.*
19. *Deelneem aan 'n wynproe wat deur 'n wynkenner aangebied word.*